# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Friday, 1st April, 1955. WINDHOEK Vrydag, 1 April 1955. No. 1893.


CONTENTS

*Page*


PROCLAMATION—

No. 87 (Union). South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1955. . . 289


INHOUD

*Bladsy*


PROKLAMASIE—

No. 87 (Unie). Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1955. 289


## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 87 of 1955 (Union).]

PROCLAMATION OF THE ADMINISTRATION OF NATIVE AFFAIRS IN SOUTH WEST AFRICA, 1955.

1. Under and by virtue of the powers vested in me by sub-sections (2) and (3) of section *three* of the South-West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954), I do hereby declare that the provisions set out in the Schedule to this Proclamation shall apply for the purpose of the application of the laws referred to in sub-section (1) of that section.

2. This Proclamation shall be called the South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1955, and shall come into operation on the first day of April, 1955.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this 21st day of March, One Thousand Nine hundred and fifty-five.

E. G. JANSEN,
*Governor-General.*

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE, DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 87 van 1955 (Unie).]

PROKLAMASIE OP DIE ADMINISTRASIE VAN NATURELLESAKE IN SUIDWES-ARIKA, 1955.

1. Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (2) en (3) van artikel *drie* van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet (Wet 56 van 1954), verklaar ek hierby dat die bepalings in die Bylae van hierdie Proklamasie uiteengesit, geld vir die doel van die toepassing van die wette genoem in subartikel (1) van daardie artikel.

2. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1955, en tree in werking op die eerste dag van April 1955.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die 21ste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vyf-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
*Goewerneur-generaal.*

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

## SCHEDULE.

1. (1) The Provisions of paragraph (a) to and including (f) of sub-section (1) of section *three* of the South-West Native Affairs Administration Act, 1954 (hereunder called the Act), shall not apply for the purpose of the application of the laws mentioned in the first column of Annexure A hereto.

(2) In the application of such law, a reference therein to an expression mentioned in the second column of the said Annexure opposite such law shall be construed as a reference to the expression mentioned in the third column of that Annexure opposite that law.

2. The powers and functions conferred on or assigned to the Governor-General by virtue of sub-section (1) of section *three* of the Act, except the powers and functions under the laws referred to in Annexure B, are hereby delegated to the Minister of Native Affairs.

## BYLAE.

1. (1) Die bepalings van paragrawe (a) tot en met (f) van subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (hieronder die Wet genoem), geld nie vir die doel van die toepassing van die wette wat in die eerste kolom van Aanhangsel A hiervan vermeld word nie.

(2) By die toepassing van so 'n wet word 'n verwysing daarin na in uitdruukking genoem in die tweede kolom van genoemde Aanhangsel teenoor so 'n wet beskou as 'n verwysing na die uitdrukking genoem in die derde kolom van daardie Aanhangsel teenoor daardie wet.

2. Die bevoegdhede en funksies ingevolge subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet aan die Goewerneur-generaal verleen of toegewys, uitgesonderd die bevoegdhede en funksies ingevolge die wette in Aanhangsel B vermeld word hierby aan die Minister van Naturellesake oorgedra.

## ANNEXURE A.

| *Name or description of law.* | *Expression used in law.* | *How thus used expression must be construed.* |
|---|---|---|
| (1) The Native Administration Proclamation, 1922 (Proclamation 11 of 1922). | Secretary for South West Africa, in sub-section (4) of section 4, paragraph (b) of section 6 and sub-section (2) of section 12. | Chief Native Commissioner of South West Africa. |
| (2) The Native Reserves Trust Funds Administration Proclamation, 1924 (Proclamation 9 of 1924). | Secretary for South West Africa, in section 5 and sub-section (2) of section 7. | Chief Native Commissioner of South West Africa. |
| (3) The Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation 27 of 1929) and the Okavango Native Territory Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation 32 of 1937). | Officer of the Administration, in sub-section (9) of section 3. | Native Commissioner or any other officer of the Department of Native Affairs. |
| (5) The Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation 27 of 1929) and the Okavango Native Territory Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation 32 of 1937). | Secretary for South West Africa, in sub-section (1) of section 4. | Chief Native Commissioner of South West Africa. |
| (4) The Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation 27 of 1929) and the Okavango Native Territory Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation 32 of 1937). | Senior Officer of the Administration, in sub-section (1) of section 4. | Native Commissioner. |
| (6) Proclamation 196 of 1929 of the Governor-General. | Administrator of the said mandated territory, in paragraph (c)' | Minister of Native Affairs as regards any land or area in the Western Caprivi Zipfel referred to in section 4 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954. |
| (7) Government Notice 60 of 1930. | Administrator, in regulation 26. | Governor-General in the case of Chiefs in respect of paragraph (e) and Minister of Native Affairs otherwise. |
| (8) The Natives Trust Funds Proclamation, 1939 (Proclamation 23 of 1939). | Administrator, in sub-section (1) of section 7. | Governor-General or Minister of Native Affairs as the case may be. |
| (9) Government Notices 202 and 203 of 1951. | Officer of the Native Affairs Branch of the Administration, in regulation (9). | Officer of the Department of Native Affairs. |
| (10) The Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951). | Administration, in paragraph (b) of sub-section (2) of section 18, sub-section (3) of section 19 and paragraph (d) of sub-section (2) of section 22. | As it now stands. |

## AANHANGSEL A.

| *Naam of beskrywing van Wet.* | *Uitdrukking in Wet gebesig.* | *Hoe aldus gebesigde uitdrukking uitgelê moet word.* |
|---|---|---|
| (1) „De Naturelle Administratie Proklamatie, 1922" (Proklamasie 11 van 1922). | Sekretaris voor Zuidwest-Afrika, in subartikel (4) van artikel 4, paragraaf (b) van artikel 6 en subartikel (2) van artikel 12. | Hoofnaturellekommissaris van Suidwes-Afrika. |
| (2) „De Naturelle Reservaten-Trust-Administratie Proklamatie, 1924" (Proklamasie 9 van 1924). | Sekretaris voor Zuidwest-Afrika, in artikel 5 en subartikel (2) van artikel 7. | Hoofnaturellekommissaris van Suidwes-Afrika. |
| (3) Die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Proklamasie 27 van 1929) en die Proklamasie op die Okavango Naturellegebied Aangeleenthede, 1937 (Proklamasie 32 van 1937). | Beampte van die Administrasie, in subartikel (9) van artikel 3. | Naturellekommissaris of enige ander amptenaar van die Departement van Naturellesake. |
| (4) Die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Proklamasie 27 van 1929) en die Proklamasie op die Okavango Naturellegebied Aangeleenthede, 1937 (Proklamasie 32 van 1937). | Sekretaris vir Suidwes-Afrika, in subartikel (1) van artikel 4. | Hoofnaturellekommissaris van Suidwes-Afrika. |
| (5) Die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Proklamasie 27 van 1929) en die Proklamasie op die Okavango Naturellegebied Aangeleenthede, 1937 (Proklamasie 32 van 1937). | Senior beampte van die Administrasie, in subartikel (1) van artikel 4. | Naturellekommissaris. |
| (6) Proklamasie 196 van 1929 van die Goewerneur-generaal. | Administrateur van genoemde Mandaatgebied in paragraaf (c). | Minister van Naturellesake wat betref enige grond of oppervlakte in die Westelike Caprivi-Zipfel genoem in artikel 4 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika 1954. |
| (7) Goewermentskennisgewing 60 van 1930. | Administrateur, in regulasie 26. | Goewerneur-generaal in die geval van Kapteins ten opsigte van paragraaf (c) en Minister van Naturellesake anders. |
| (8) Die Inboorlinge Trustfonds-proklamasie, 1939 (Proklamasie 23 van 1939). | Administrateur, in subartikel (1) van artikel 7. | Goewerneur-generaal of die Minister van Naturellesake na gelang van die geval. |
| (9) Goewermentskennisgewings 202 en 203 van 1951. | Beampte van die Afdeling Naturellesake van die Administrasie, in regulasie (9). | Amptenaar van die Departement van Naturellesake. |
| (10) Die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951). | Administrasie, in paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel 18, subartikel (3) van artikel 19 en paragraaf (d) van subartikel (2) van artikel 22. | Soos dit tans staan. |

## ANNEXURE B.

(1) Sub-sections (1), (2) and (3) of section 6 of the Native Reserves Trust Funds Administration Proclamation, 1924 (Proclamation 9 of 1924), as amended;

(2) Section 5 of the Native Reserves Fencing Proclamation, 1926 (Proclamation 12 of 1926);

(3) Paragraphs (a) and (b) (as regards Chiefs), (c), (d), (e), (f) and (g) of section 1, section 7, sub-sections (1) and (3) of section 8, sub-sections (3) and (5) of section 20, section 22 and the definition of "location" in section 25 of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928), as amended;

(4) Sub-sections (6), (7) and (8) of section 3 of the Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation 27 of 1929), as amended;

(5) Sub-sections (6), (7) and (8) of section 2 of the Caprivi Zipfel Affairs Proclamation, 1930 (Proclamation 37 of 1930 of the Administrator), read with the Eastern Caprivi Zipfel Administration Proclamation, 1939 (Proclamation 147 of 1939 of the Governor-General);

(6) Sub-sections (6), (7) and (8) of section 3 of the Okavango Native Territory Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation 32 of 1937), as amended;

(7) Sections 3 and 4 of the Natives Trust Funds Proclamation, 1939 (Proclamation 32 of 1939);

(8) Sub-section (1) of section 7, sub-section (1) of section 9, sub-section (6) of section 10, sub-section (2) of section 13, sub-section (1) of section 22, sub-section (1) *bis* of section 22, sub-section (1) of section 25 and section 27 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), as amended.

## AANHANGSEL B.

(1) Subartikels (1), (2) en (3) van artikel 6 van „Die Naturelle Reservaten-Trustfonds Administratie Proklamatie, 1924" (Proklamasie 9 van 1924), soos gewysig;

(2) Artikel 5 van die Naturellereservate Omheining Proklamasie, 1926 (Proklamasie 12 van 1926);

(3) Paragrawe (a) en (b) (wat kapteins betref), (c), (d), (e), (f) en (g) van artikel 1, artikel 7, subartikels (1) en (3) van artikel 8, subartikels (3) en (5) van artikel 20, artikel 22 en die woordbepaling van „lokasie" in artikel 25 van die Naturelle-administrasie-Proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928), soos gewysig;

(4) Subartikels (6), (7) en (8) van artikel 3 van die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Proklamasie 27 van 1929), soos gewysig;

(5) Subartikels (6), (7) en (8) van artikel 2 van die Caprivi Zipfel Aangeleenthede Proklamasie, 1930 (Proklamasie 27 van 1930 van die Administrateur), gelees met die Proklamasie op die Administrasie van die Oostelike Caprivi Zipfel, 1939 (Proklamasie 147 van 1939 van die Goewerneur-generaal);

(6) Subartikels (6), (7) en (8) van artikel 3 van die Proklamasie op die Okavango Naturellegebied Aangeleenthede, 1937 (Proklamasie 32 van 1937), soos gewysig;

(7) Artikels 3 en 4 van die Inboorlinge Trustfondsproklamasie, 1939 (Proklamasie 32 van 1939);

(8) Subartikel (1) van artikel 7, subartikel (1) van artikel 9, subartikel (6) van artikel 10, subartikel (2) van artikel 13, subartikel (1) van artikel 22, subartikel 1 *bis* van artikel 22, subartikel (1) van artikel 25 en artikel 27 van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), soos gewysig.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek